

## Sing vooraf staande: Psalm 2:3 (p. 6)

- 3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet'ge stof My my gesag ontwing?  
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verwaasde sterweling!  
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –  
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Gebed

Amen.

## Skrifberyming 15-7:1 (43:1)

- 1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,  
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –  
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,  
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.

Skriflesing: 1 Timoteus 3

Teks: 1 Timoteus 3:6; Kategismus Sondag 39

**Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie. (1 Timoteus 3:6 AFR53)**

Die vyfde gebod handel oor gesag en die probleme daar rondom.

Paulus waarsku Timoteus dat die gemeente nie iemand wat nog nuut in die gemeente is, moet verkies in een van die dienste nie, want dit kan lei tot verwaandheid.

- Verwaandheid is die sonde van die satan.
- Verwaandheid gaan altyd hand aan hand met die verwerping van gesag, en so iets sal probleme in die gemeente veroorsaak.

Wie is die satan en wat het die satan dan aangevang?

- Die satan is 'n skepsel soos ons – al is hy baie hoër as ons geskape.
- Hy is die oorsaak van, en ook die leier van, die eerste sondeval wat in die hemel plaasgevind het.
- Die probleem het gedraai rondom verwaandheid en die verwerping van gesag. Die satan wou hom nie aan God se gesag onderwerp nie, en hy het teen God in opstand gekom. Hy wou self God wees.

Hierdie preek gaan oor gesag en die plek wat gesag het in die raad van die Here asook in ons eie lewens. Ons let daarom op na die volgende dinge:

**1. Gesag en die doel van ons skepping**

**2. Die verhouding tussen die gesag van God en die liefdesgebod**

**3. Die gevolg van gesagsverwerping**

## 1. Gesag en die doel van ons skepping

Die Bybel sê dat alle dinge deur God, uit God en tot God geskape is.

- Dit beteken dat die hele doel van ons lewe is dat ons geskape is om God te eer en te dien.
- Dit is wat Jesus ook bedoel het toe Hy gesê het dat ons die Here ons God moet liefhê met ons hele hart, verstand en al ons kragte.
- Dis die eerste en hoogste doel waarvoor ons geskape is.

Ons is met ander woorde geskape om onder die gesag van God te bestaan.

- Ons kan nie onder die gesag van ons Skepper uitgaan nie.
- Uit die dinge wat die duiwel gedoen het, en die straf wat oor hom uitgespreek is, is dit tog duidelik dat ons nie teen die gesag van God in opstand mag kom nie.

As ons wil praat oor gesagsverwerping en verwaandheid, is daar nie 'n beter voorbeeld as dié van die duiwel nie.

- Wat hier gebeur het, was dat 'n onderdanige homself hoër geag het as sy meerdere, en dit is wat verwaandheid is.
- Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself (Galasiërs 6:3).

Daarna het die tweede sondeval plaasgevind. Dit was die een in die Paradys waar die satan die mens tot sonde verlei het.

- Dieselfde dinge het gebeur as tydens die eerste sondeval – die mens het net soos die duiwel hoogmoedig geraak, en daarteen in verset gekom dat hy hom aan God se gesag moes onderwerp.

Hoe ken ons die gesag van God?

- Natuurlik ken ons dit in die eerste plek uit die openbaring van die Here in die Bybel.
- Die Here openbaar sy gesag in alles wat in die Bybel geskryf staan.
  - Daar is plekke waar Hy sy wette openbaar, soos byvoorbeeld in die Tien Gebooe.
  - Maar daar is ook baie ander uitsprake wat dinge soos huweliksverhoudinge en die verhouding tussen owerheid en onderdaan reël.
  - Daar is verder ook baie duidelike riglyne oor die gesagstruktuur in die kerk.

*Die Here openbaar sy gesag egter ook in die geskiedenis wat in die Bybel beskryf word, want dit openbaar hoe God alle gebeurtenisse in alle volke se geskiedenis beplan en uitvoer. Dit is gesag.*

Die Here openbaar sy gesag nie net in die Bybel nie; Hy openbaar dit ook in die natuur.

- In die natuur is dit duidelik dat elke reël of natuurwet deur Goddelike gesag gereël word.
- Die seisoene kom en gaan op God se bevel. Met sy almag oefen Hy gesag uit oor reën en winde. Plante groei en blom op sy bevel.
- Daaruit behoort dit vir ons duidelik te wees dat ons ook, net soos die res van die skepping, onder die gesag van God staan.

Die Here openbaar sy gesag ook in die wette van die land.

- Die Here gebruik in hierdie opsig die regeerders om wette vas te lê, waarmee Hy wil hê dat elke land regeer word.
- Daarom openbaar die Here in Romeine 13 dat ons aan die owerheid gehoorsaam moet wees, omdat God aan die owerheid die gesag toeken om die swaard te hanteer.

Wanneer die owerheid byvoorbeeld lewenslange tronkstraf uitspreek oor 'n moordenaar, is dit die Here wat hierdie straf oor die oortreder beskik, omdat die Here die wetgewer gebruik om sy gesag uit te voer.

- Die Here beskik nie noodwendig 'n regering van wie ons hou of in wie ons volle vertroue het nie.
- Maar dit maak nie dat ons die gesag van die owerheid van die dag mag verwerp nie.

Die Here openbaar sy gesag ook in ander gesagsvorme wat oor ons gestel is, byvoorbeeld die gesag van ons ouers en ons meerderes.

- Die gesin is vir die Here die basis van sy kerk. In die gesin word die verbond van die Here gesluit met die ouers en kinders.
- God gee opdrag dat die ouers hulle kinders tot sy eer binne die verbond moet opvoed.
- Hy gee ook aan die kinders opdrag om aan hulle ouers gehoorsaam te wees.

Samevattend kan ons dit so stel:

- Alle vorme van gesag wat daar oor ons is, is deur God oor ons gestel.
- Daarom moet ek my aan sodanige gesag onderwerp.
- In beginsel onderwerp ek my dus aan die Here as ek my onderwerp aan gesag wat oor my gestel is.

Daar is in die vyfde gebod iets baie belangriks waarna u net moet oplet.

- Die vyfde gebod praat net van gesagstrukture wat tot eer van God is.
- In ons wêreld is dit moontlik dat ons onder 'n gesagsliggaam kan beland wat nie die gesag van God erken nie.

Dit kan ook wees dat ons onder sodanige gesag verplig mag word om dinge te doen wat nie tot eer van die Here is nie.

- Aan so 'n gesagstruktuur kan ons ons tog nie onderwerp nie.
- Maar ons mag ons ook nie op so 'n wyse daarteen verset dat ons nie tot eer van God optree nie.

Die Here Jesus het Hom ook teen dwalinge en gesagsmisbruik verset.

- Hy het byvoorbeeld mense skerp veroordeel wat die gesag van God misbruik het.
- Daarmee word die beginsel vir ons ook duidelik gegee:
  - Alle gesag wat uit God en tot God is, moet gehoorsaam word.
  - Gesag wat hom teen God verhef, moet verwerp word en daarvoor moet ons heers, soos wat ons ons teen die satan verset en in die Naam van die Here oor hom heers.

## **2. Die verhouding tussen die gesag van God en die liefdesgebod**

Die gesag van God is geestelik.

- Daarom is die gesag van die Here nie op dieselfde manier gestruktureer as die van die wêreld nie.
- God alleen dra die hoogste gesag.

Die Here se gesag kan deur enige een wat God wil, aan jou oorgedra word.

- Iemand wat in die samelewing jou mindere is, kan jou dalk vermaan wanneer jy sondig.
- Iemand wat jy dalk glad nie eers ken nie, kan jou leiding in die geloof gee.
- As die persoon die waarheid praat, en die reg van die Here aan jou voorhou, sal jy moet luister, want dan is dit die gesag van die Here waaraan jy jou sal moet onderwerp.

Daarom is dit so belangrik dat die vyfde gebod nooit losgemaak word van die liefdesgebod nie.

- Ons moet altyd in liefde met mekaar praat om mekaar te versterk en reg te help.
- Aan die een kant gee die liefde van die Here ons die regte perspektief – dit laat ons aanvaar wanneer die Here ons vermaan as ons verkeerd is.

Maar aan die ander kant raak dit ons ook, want ons moenie net ons naaste oor sy sondes veroordeel nie.

- Ons moet na hom/haar toe gaan en in die liefde van die Here gaan beweeg om op God se bevel met sy sonde te breek.
- Natuurlik moet ons die sonde self skerp veroordeel. Dink hier aan Jakob wat sy seuns se sondes vervloek het.

Dit beteken dus dat daar somtyds in sulke vermanings harde woorde sal val, want ons weet dat daar 'n verskriklike rusie tussen Paulus en Petrus voor die gemeente van Antiochië was omdat Petrus die klomp kerke in Galasië in sonde laat val het.

- Maar as ons soms skerp met mekaar praat, mag ons nie mekaar verag nie, en ook nie mekaar afskryf nie.
- Saam moet ons buig onder die liefde en die wet van die Here.

Daarom het die Here die gesagsgebod ingeklee in die woorde *Eer jou vader en jou moeder*.

- Jou pa en ma is die mense wat deur die Here gebruik word om jou te lei tot wasdom.
- Hy kon net sowel gesê het "Gehoorsaam jou regering". Maar die Here doen dit nie; Hy gebruik die beeld van die huisgesin – die plek waar mens die grootste mate van onderlinge liefde en onderwerping aan gesag sal verwag.

### **3. Die gevolg van gesagsverwerping**

Wat gebeur waar die gesag van die Here verwerp word?

- Presies wat met die sondeval van die satan gebeur het in die hemel, en wat weer in die Paradys gebeur het.
- Die mens raak verwaand – hy word sy eie god wat alles onder hom wil laat kniel.

Verwaandheid en verset is die grootste oorsaak waarom huweliksmaats teen mekaar in opstand kom.

- Rusie en egskeiding word gepleeg omdat die een hom nie aan die ander een kan onderwerp nie – en veral omdat hulle al twee saam hulle nie aan God kan onderwerp nie.
- Kinders breek weg uit hulle ouerhuise omdat hulle glo dat hulleself belangrik genoeg is om die gesag van die ouerhuis oor hulle te verwerp.
- Hierdie soort optrede is 'n verwaande wegbeweeg van die eise en die liefde van God af.

Enige mens kan net gesag aanvaar as hy God liefhet, en as hy gesag sien as iets wat van God af oor hom beskik word.

Die Here regeer alle mense deur mense.

- Hy beskik regerings en allerhande soorte van bestuursliggame en direksies wat op verskillende terreine bestaan om orde te handhaaf en om gesag en dissipline uit te oefen oor die mense wat daaraan verbonde is.

Daarom moet ons altyd beseft dat wanneer ons gesag oor ander mense uitoefen, ons besig is om God se gesag uit te oefen.

- Dit is baie belangrik dat u dit altyd moet onthou, want dan sal u beseft dat u nooit God se gesag mag gebruik om mense te boelie of om wraak te neem nie.
- Die Bybel leer dat wraak God alleen toekom.

Enige mens loop die gevaar om, as hy in 'n gesagsposisie kom, verwaand te raak en te dink dat hy iets is.

- Die duiwel het dit gedink, en dit het Adam en Eva – en ná hulle baie mense – oorgekom.
- Daarom moet elkeen van ons baie selfverloëning aan die dag lê wanneer ons met gesag te doen kry.

*Dit is waarom die Here in die gedeelte wat as teksgedeelte gekies is, vermaan dat iemand wat nuut in 'n gemeente ingetrek het, hom kan verbeel dat hy iets is as hy te gou in 'n leiersposisie kom. Dis die pad van die duiwel – en daardie pad eindig in die hel.*

Ons mag nie daardie pad loop nie omdat die Here Jesus Christus ons geheilig het met sy kruisdood. U weet, die kruisdood stel ons eintlik in perspektief voor God.

- Die Here Jesus moes juis die kruisdood sterf omdat Hy daar die toorn van God moes dra vir al ons sondes.
- Dit sê baie! Dit sê dat ons op ons beste nog so sleg is dat ons strafbaar is as ons gemeet word teen die gesag van God.

Nou moet u in die gesag van die Here Jesus Christus oor die sondes heers.

- God het die sondeval van sowel die satan as van Adam in die Bybel laat neerskryf as openbaring van hoe persone lyk wat teen God se gesag in opstand kom.
- God openbaar ook wat van hulle word sodat ons nie dieselfde pad moet loop nie.

U, as God se versoendes, en geheiligdes, moet dus die geregtigheid van God toepas en u onderwerp aan die gesag wat God oor u stel.

- Dit vereis die gawe van onderskeiding en versigtigheid.
- Dit vra liefdevolle verdraagsaamheid teenoor gelowiges wat nie altyd die gesag van God reg beoefen nie.
- Dit vra selfondersoek. Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself en val in dieselfde sonde as die duiwel.

Kom ons lees Kategismus Sondag 39 saam om te sien wat ons van die vyfde gebod (gesagsgebod) glo.

**Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?**

**Antwoord:** Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21:

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,  
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!  
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,  
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,  
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.  
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.  
Met my lippe<sup>o</sup>t ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 5 Januarie 2013